**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 2 EENHEID 1: MARKTE** (Definisie, tipes markte)

***MEMORANDUM***

**1 ’n Kleinboer (a) koop groentesaad by die plaaslike landboukoöperasie en plant en oes sy groente. Hy gebruik (b) ongeskoolde arbeid wat hy aanstel wanneer nodig. Die (c) groente word dan by sy padstal by sy plaashek verkoop. Sy winste (d) belê hy by die naaste bank wat die beste rentekoerse bied.**

**1.1 Watter soort markte kom by (a) tot (d) voor?**

(a) Formele mark en faktormark (b) Produksiefaktormark

(c) Informele mark (d) Finansiële mark

**1.2 Noem die twee redes waarom hierdie boer se handel in groente as ’n mark beskou kan word.**

Daar is ’n verkoper en ’n aantal gewillige kopers

**1.3 Waarom sal die verkope van groente deur middel van padstalletjies in Suid-Afrika nie ’n onvolmaakte mark kan wees nie?**

Daar is ’n groot aantal kopers en verkopers in hierdie markte.

**1.4 Wanneer sal die kleinboer se padstal as ’n monopoliemark beskou kan word?**

As die kleinboer die enigste verkoper van groente in ’n groot area is.

**2 Groente word deur alle mense in die wêreld gebruik. Waarom is dit nie deel van wêreldmarkte nie?**

Groente het hoë vervoerkoste en dit is nie duursaam nie.

**3 Landlyn telefoondienste in die RSA is (a) in die hande van TELKOM. (b) Slegs TELKOM mag hierdie telefoondienste bedryf. (c) TELKOM bepaal die prys.**

**Watter kenmerke van onvolmaakte markte kom by (a) tot (c) voor en watter soort onvolmaakte mark is hierdie?**

(a) Telkom is die alleenverskaffer van die produk.

(b) Geen ander verskaffer mag tot die mark toetree nie.

(c) Telkom bepaal die prys.

Hierdie is ’n monopoliemark.

**4 Noem ’n voordeel en ’n nadeel van wêreldmarkte ten opsigte van natuurlike hulpbronne.**

Natuurlike hulpbronne word effektief aangewend. Dit word vinnig uitgeput.